



Lig in Duisternis
UITGEWERS


M e d i a -

inligtingstuk

'n Dokumentêre reeks oor
die kerk in Klein-Asië



AfriForum TV
Vermaak. Gratis. Aanlyn.



VASTE FONDAMENTE

'n Dokumentêre reeks oor die kerk in Klein-Asië

Beskikbaar by **Lig in Duisternis Produksies**
en AfriForumTV
11 episodes | Afrikaans

OOOR DIE REEKS

Vaste Fondamente is 'n dokumentêre reeks wat kykers help om Klein-Asië (vandag Turkye) deur 'n Bybelse bril te bekyk. Dit is nie 'n reisjoernaal wat ou ruïnes en toeristebestemmings besoek nie, maar 'n geloofsreis wat die sigbare wêreld van Turkye met die wêreld van die Nuwe Testament verbind.

Baie mense besoek Klein-Asië met die hoop om hul Christelike wortels te herontdek en keer terug met kamerabeelde en 'n belewenis van die Turkse kultuur, maar nie sommer meer as dit nie. *Vaste Fondamente* wil dieper delf en hoër kyk, om duideliker te sien hoe die Here sy kerk deur die eeue gebou en bewaar het te midde van vervolging, dwaalleer en groot historiese wendings.

In elf episodes bring die reeks Bybelse insig, geskiedkundige konteks en 'n belewenis van Turkye bymekaar. Hierdeur kan gelowiges die erfenis van die vroeë kerk nuut waardeer en self met groter sekerheid op die vaste fondamente van die Christelike geloof staan.

WERKSWYSE

Die reeks is nie bloot teologiese besinning nie. Dit is 'n poging om met die voete op die grond en die Bybel in die hand, te vra: Hoe lyk hierdie vers of hierdie gedagte in die Nuwe Testament, en wat beteken dit vir my siel? Elke episode is in Turkye verfilm en gebou rondom gesprekke met teoloë, predikante en akademici wat elk hul eie kundigheid inbring.



EPISODES

1

TOE DIE DAE VERVUL IS ...

Kyk hoe God Klein-Asië voorberei het as kruispunt tussen Oos en Wes met 'n netwerk van paaie, Grieks as gemeenskaplike taal, die Pax Romana (Romeinse vrede) en 'n netwerk van sinagoges vir die koms van die evangelie.

2

DIE LEEFWÊRELD VAN DIE VROEË CHRISTELIKE KERK

Kom stap in die skoene van die vroeë kerk en raak bewus van die rol van sinagoges, markpleine, boukuns, skryfkuns, boordery, pottelakkery, tekstiel en juwele in die verduideliking van die evangelie.

3

JOHANNES, DIE GELIEFDE

Leer meer van die apostel Johannes se familie, opvoeding en tyd saam met Jesus, sy rol as pilaar van die vroeë kerk en sy jare as leier van die kerk in Éfese.

4

PAULUS

Paulus – van vurige Fariseër en vervolger van Christene tot toegewyde prediker. Leer meer van sy sonde, sy bekering op pad na Damaskus, sy naam en sy roeping onder die heidene van Klein-Asië.

5

PAULUS SE SENDINGSREISE

Volg Paulus se drie sendingsreise oor meer as 16 000 km deur Klein-Asië, Griekeland en Rome waar hy gemeentes geplant en die evangelie verkondig het.

6

ÉFESE

'n Kosmopolitiese sentrum van kultuur en handel met die tempel van Artemis, die biblioteek van Celsus, die skouburgteater en die ryke boodskap van Paulus se brief aan die Efésiërs.

7

DIE OORWINNAAR EN SY MARTELARE

Die verheerlikte Christus in Openbaring. Hier leer die kyker meer van die apostel Johannes se verblyf op die eiland Patmos, die vervolging onder die keisers Nero en Domitianus en martelare soos Polikarpus wat getrou gebly het.

8

DIE SEWE BRIEWE IN OPENBARING (1)

Die eerste twee van die sewe briewe waarin Éfese geprys word vir haar stryd teen dwaalleer, maar teruggeroep word na haar eerste liefde. En ook Smirna, die arm, dog ryk gemeente.

9

DIE SEWE BRIEWE IN OPENBARING (2)

Die briewe aan Pérgamus, waar die troon van Satan en kompromie dreig, en aan Thiatíre, wat geprys word vir haar groeiende liefde en diens, maar gewaarsku word teen Isébel se dwaalleer.

10



DIE SEWE BRIEWE IN OPENBARING (3)

Die laaste drie briewe aan Sardis, wat lewe, maar dood is; aan Filadelfía, wat getrou is; en aan die selfvoldane gemeente van Laodicéa.

11

KERKVADERS, KERKVERGADERINGS EN KERKE

Kerkvaders soos Polikarpus, die Konsilies van Nicéa, Konstantinopel, Éfese en Chalcedon, en die Hagia Sophia, die erfenis wat ons geloof help vorm het.



INTERESSANTE FEITE

Episode 5

Paulus het oor drie sendingsreise meer as 16 000 km te voet en per skip afgelê en minstens 14 gemeentes gestig.

Episode 6

Tydens die jaarlikse fees van Artemis kon Éfese tot 600 000 mense huisves, meer as drie keer die stad se gewone bevolking van omtrent 200 000.

Episode 6

Die biblioteek van Celsus in Éfese het 12 000 manuskripte gehuisves. Dit was die derde grootste biblioteek in die Grieks-Romeinse wêreld, naas dié van Alexandrië en Pérgamus.

Episode 7

Meer as 40 volledige ondergrondse stede en 200 ondergrondse strukture is in Kappadócië ontdek. Dit is gebou deur Christene wat tydens vervolging skuiling gesoek het.


Episode 7

Historici se beramings van die aantal martelare tydens die Romeinse Ryk se vervolging wissel van 4 000 tot 100 000.

Episode 8-10

Van die sewe gemeentes waaraan Johannes in Openbaring geskryf het, bestaan Éfese vandag net as ruïnes, terwyl Smirna (vandag Izmir) steeds 'n stad van meer as tweemiljoen inwoners is.

DEELNEMERS



KREDIETLYS

Navorsers en teksskrywer: **Ds. Henning Dafel**

Aanbieder en toerleier: **Hannes Noëth**

Kamerawerk: **David van Graan** (Turkye)

Spesiale dank: **Dr. Malan van Rhyn** en **ds. Henning Dafel**

'n Groep predikante en akademici dra elk vanuit hul eie vakgebied tot die gesprek by, naamlik oor Bybelse teologie, kerkgeskiedenis, en die argeologie en kultuur van die antieke wêreld. Saam bou hulle aan 'n verstaanbare geheelbeeld van die tyd van die vroeë kerk in Klein-Asië.

Prof. Koos Adendorff, dr. Annette Botha, di. Henning Dafel, Jan-Louis Lee, Gustav Opperman, Johan Schütte, prof. Gerrit Smit, ds. Schalk Strauss, prof. Alwyn Swanepoel, ds. Maarten van Helden, dr. Malan van Rhyn en Halit Ucran.

AANHALINGS

DS. SCHALK STRAUSS, EPISODE 1: TOE DIE DAE VERVUL IS ...

"Ons moet hoër kyk, dieper delf, en meer sien, sodat ons in groter verwondering voor God kan staan."

HANNES NOËTH, EPISODE 3: JOHANNES, DIE GELIEFDE

"Mense kom en gaan. Mensewerk kom en vergaan. Tog staan die getuienis wat hulle gelewer het, en so ook die Een van wie hulle getuig het, vas. God bou immers sy kerk op vaste fundamente."

HANNES NOËTH, EPISODE 4: PAULUS

"Geen lewende sondaar het so ver geval dat God hom nie kan red nie."

POLIKARPUS, AANGEHAAL DEUR DS. JOHAN SCHÜTTE, EPISODE 7: DIE OORWINNAAR EN SY MARTELARE

"Ses-en-tagtig jaar het ek my Here gedien, en nie een keer het Hy my in die steek gelaat nie. Hoe kan ek dan nou my Koning en Verlosser laster?"

PROF. KOOS ADENDORFF, EPISODE 10: DIE SEWE BRIEWE IN OPENBARING (3)

"Ek weet jy het min krag, maar my krag word in swakheid volbring. Daarom, al is jy swak, is jy sterk."

EPISODE 11: KERKVADERS, KERKVERGADERINGS EN KERKE

"Dit is 'n bemoediging om te beleef dat God sy kerk in stand hou. Dit is bemoedigend om te weet dat Hy die kerk op vaste fundamente gebou het."





MEDIANAVRAE

Ds. Schalk Strauss

Publikasiehoof: Lig in Duisternis Uitgewers

Telefoon: 012 362 1390

E-pos: hoof@liginduisternis.co.za

Lig in Duisternis
UITGEWERS

